

KINDERKERK LES : Ek is geroep

Doel van les:

- Ons moet almal beseef dat God 'n spesiale plan vir ons lewens het.

Illustrasie: Vuil koppie: Wys vir kinders 'n vuil koppie en vra wie sal graag wil water drink uit hierdie koppie. (hopelik sal almal nee sê; as iemand dalk ja sê, sê vir hulle dis reg, maar hulle moet ook weet dat jy dit eers in die toilet gedruk het.)

Was die koppie in 'n skotteltjie met water en opwasmiddel.

Vra: Waarvoor gebruik ons 'n koppie? (Om koffie, tee, hot chocolate, sop uit te drink.) Kan ons die koppie so vuil gebruik? Nee, beslis nie. Nou wil ek julle bietjie herhinner aan wat ons al die jaar geleer het. Net soos die vuil koppie kan Jesus ons nie gebruik as ons hartjies vuil is met sonde nie. So Hy het aan die kruis vir ons gesterf en met Sy bloed was Hy ons hartjies skoon wanneer ons Hom vra. Maar gaan dit help as ek die koppie in my kas sit en nooit gebruik om uit te drink nie? Nee, natuurlik nie. So het ons ook 'n spesiale werk net soos die koppie 'n spesiale werk het. Ek gaan julle vandag bietjie vertel van iemand wat julle bietjie beter sal laat verstaan oor die werk wat Jesus vir ons het.

Storietyd: Johannes die Doper

Johannes is God se boodskapper. Hy vertel vir die mense by die Jordaanrivier van Jesus se koms. Hy sê: "Julle moet in God glo en Hom liefhê. Leef soos die Here dit wil hê. Hy wil julle vry maak van al julle sonde."

Johannes neem die mense na die rivier en doop hulle. Dit beteken: Net soos die water hulle skoon was, so wil God ook hulle harte skoonmaak van alle sonde.

Die mense noem hom Johannes die Doper omdat hy hulle doop. Hulle sê: "Johannes weet so baie van God. Is hy nie dalk die Seun van God nie?"

"O, nee!" sê Johannes. "Dit moet julle nie sê nie. Jesus is die Seun van God. Ek is net die boodskapper. Dit is nie meer lank nie, dan sal julle Jesus sien."

Gedeelte geneem uit Ons eie Kleuterbybel bl 100, Juliana Nothnagel, Johann Strauss

Vra: Wie kan vir my sê wat julle gehoor het Johannes alles doen? (Hy het mense van Jesus vertel, mense gedoop, vertel dat Jesus gou kom, mense moet ophou sonde doen.)

Nou julle mag dalk vandag sê maar tannie ek weet nie hoe om soos Johannes die dinge te doen nie. Ons gaan nou 'n speletjie speel en julle gaan sommer sien hoe ons eintlik alreeds weet hoe om te maak soos Johannes.

Aktiwiteit: 5 sintuie: Gebruik elke keer so twee of drie kinders vir elke sintuig. Moenie elke keer dieselfde kinders kies nie sodat meestal almal in die klassie 'n beurt kan kry.

Wie van julle kan al 5 die sintuie opnoem? Sien, hoor, ruik, proe, voel.

Ek gaan vandag bietjie julle sintuie toets

Sien - I spy. Kies iets in die klassie en laat hulle raai wat jy spy. Speel so twee na drie rondtes met eerste kinders.

Hoor - Volgende kinders - Blinddoek kinders. Wys saggies vir res van klassie om hande te klap, hulle vingers te snap, hande saam te vryf en hulle tonge te klik. Kyk of kinders elke geluid kan reg raai.

Ruik - Blinddoek die volgende vrywilligers. Gee vir hulle items om te ruik en raai wat hulle ruik.

Proe - Blinddoek volgende vrywilligers en gee vir hulle kositems om te proe en raai wat hulle eet.

Voel - Sit items in boksie. Laat vrywilligers hul hande in boks druk en raai wat item is deur net daaraan te voel.

Het julle al gehoor van die hof en 'n prokureur en 'n getuie. Die getuie is iemand wat vir mense moet kom vertel in die hof wat hulle gesien of gehoor het.

Net so het ons 'n spesiale werk om vir mense te vertel wat ons als van Jesus al gehoor, gesien, gevoel, geproe en geruik het. Ja selfs proe en ruik. Die Bybel vertel dat ons moet proe hoe goed God is en dat Jesus se kinders soos 'n parfuim moet wees wat lekker ruik. Dit beteken dat ons Jesus met ander moet deel.

So gaan julle soos 'n koppie in die kas wees wat nie gebruik word nie of is julle reg dat Jesus julle gebruik vir Sy spesiale werk?

Sluit af met gebed in groepe.